7 Augustus 2022

RASLOUW AANDDIENSTE

Die Bestuurskommissie het besluit om die tye van die aanddiens vir die wintermaande te verander. Omdat dit so vinnig donker word en ook koud is, is besluit om die aanddienstyd voortaan in die wintermaande te vervroeg.

Tot en met Sondag, **28 Augustus 2022** begin ons met die aanddiens om **17:00**.

Die Senior Kategese gaan na die erediens normaal voort.

Dienstye	Oggend 09:00	Aand 18:00
07 Augustus	Ds Lourens van Deventer - Lukas 12	Geen (Langnaweek)
10 Augustus	Ds Francois Esterhuizen	Adoramusdiens - Psalm 86
14 Augustus	Ds Francois Esterhuizen Kweekhuis	Ds Lourens van Deventer

DIENSGETUIENIS : DANVILLE-UITREIK (KEKKEL EN CRAFT) (NGK WESPOORT)

Die bediening vra vrywilligers wat op Dinsdagoggende vanaf 09:00 tot 12:00 in die skool-kwartaaltyd behulpsaam sal wees om kralewerk, joernaal, naaldwerk en breiwerk saam met Danville-gemeenskapslede te doen. Die projek word by die NGK Wespoort (Morkelstraat) in Danville gedoen. Kontak ds Francois by 082 786 9674.

DIENSGETUIENIS: KLEUTERSKOOL DANVILLE

Ons benodig die volgende skryfbehoeftes: Filt- (koki) penne, gekleurde papier en gom (Pritt).
Sit in skatkis en merk “Kleuters”.

DIENSGETUIENIS : DITSHEGO RASLOUW-PLOTTE

Vir ons uitreikprojek benodig ons die volgende:

- ⇨ Vrywilligers om te help met huiswerk van naskoolkinders.
- ⇨ Vrywilligers wat bereid is om die volgende 4 (vier) maande op Vrydae sop te maak vir die kinders by die Ditshego-uitreik.
- ⇨ Die sop moet asseblief op Vrydae 08:00 by die kerk afgelewer word.
- ⇨ Ons soek kinderklere vir seuns en dogters van 3 tot 14 jaar.

Dankie aan alle vrywilligers wat alreeds bydra. Vir verdere navrae kontak ds Francois by 082 786 9674.

WERK GESOEK

Ons help graag ons lidmate om werksgeleenthede te kry en aan te bied.

Op soek na ‘n werksgeleentheid vir ‘n mid-vyftigjarige dame met baie ervaring in sekretariële werk asook persoonlike assistent-ondervinding.

Indien jy kan help, skakel asseblief ds Déwyk Ungerer – 082 572 6463

Kennisname

Die Kerkkantoor sal gesluit wees op Maandag, 8 Augustus.

Nog ‘n jaar jonger

Graag wil ons die volgende lidmate gelukwens met hul verjaardae en God se rykste seën toebid:

Mostert	Giellie	08/07	Smit	Attie	08/11
Van den Berg	Ria	08/07	Du Bruto	Leon	08/12
Skinner	Henry	08/08	Janse van Vuuren	Sarie	08/12
Du Plessis	Merwida	08/09	Jordaan	Martha	08/12
Grobler	Ronél	08/09	Potgieter	René	08/12
Louw	Faan	08/10	Engelbrecht	Eduard	08/13
Smit	Irene	08/10			
Eksteen	Adriaan	08/11			

BAIE GELUK MET JOU VERJAARDAG!
SEËNINGE VIR DIE JAAR WAT VOORLÊ

Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat

“So donker soos ons ‘NAG’ vir ons mag lyk - Skep moed en weet ons ***SKEPPER GOD*** kan die donkerste oomblik in die helderste lig van nuwe vreugde en lewensblyheid verander.”

Bid asseblief vir:

- ✝ Fanie van Staden - Sy gesondheid.
- ✝ Cobus Neethling - Sy gesondheid.
- ✝ Kootjie Cillé - Sy gesondheid.
- ✝ Poppie Bakkes - Herstel.
- ✝ Etienne Snyman - Herstel.
- ✝ Piet Boonzaaier - Herstel.
- ✝ Leonie J v Rensburg - Herstel.
- ✝ Hendrina Haupt - Haar gesondheid.
- ✝ Hannie Pelscher - Herstel na ‘n operasie.
- ✝ Thys Smith - Sy gesondheid.

Gebak vir Weskoppies

Ons as Raslouw Gemeente besoek elke maand ‘n saal by Weskoppies. Sedert Covid twee en ‘n half jaar gelede toegeslaan het, kon ons groep nog nie weer daar gaan besoek aflê nie. Die voorsorgmaatreëls by die hospitaal was baie skerp. Ons het bevestiging gekry dat ons weer die saal wat aan ons gemeente toegedeel is, mag besoek.

Ons neem elke keer vir die pasiënte iets te ete saam. Met tyd het die persone wat help met die verversings minder geraak, weens verskillende en onvoorsiene omstandighede. Ek vra dat enige iemand wat hulle weg oop sien om te help, my asseblief kontak. Dit sal net behels dat jy een keer in twee maande ietsie te ete moet maak, vir so om en by 40 pasiënte.

Kontakpersoon:
Mareli de Kock
082 422 1740

GEBOTTELDE PRODUKTE

Indien jy enige iets wil bottel of inlê vir die kermis, kontak Annette Pretorius by 082 454 1814.

WIT OLIFANTTAFEL
Kermis 2022

Asseblief - bring vir ons die groot en klein WIT OLIFANTE wat orals in u huis en motorhuis rondlê

Bring dit na die kerkkantoor tussen 08:00 en 12:00 weeksdae.

Indien die artikel te groot is, kontak Bennie de Leeuw by 082 855 2933.

Hy sal dit kom oplaai.